ESEGIËL 1 BROOKLYN (Oggend) 11 Julie 2010

ESEGIËL 1:4,28

WAARHEEN NOU?

Die wêreldbeker het opgebou tot ‘n klimaks. Dit eindig vanaand met die eindstryd. Naas die Olimpiese Spele is dit die heel grootste sport skouspel. Daar word gereken dat tot 500 miljoen mense daarna gaan kyk.

More oggend wanneer die son opkom, dan is alles verby

Sommige is verlig daaroor, maar by baie mense kom die vraag op: maar wat dan?

Skielik is ons nou by daardie punt dat ons moet **terugkyk** op jare en jare se voorbereiding en naels kou

Die opgewondenheid rondom die hele opbou, en die wêreldbeker self eindig uiteindelik in ‘n lugleegte – dit is letterlik soos ‘n “bubble” wat bars

Dit wat al amper deel geword het van ons daaglikse lewe hierdie laaste paar jare, is skielik verby

(Loftus is weer oop vir rugby**!**)

Eersdaags gaan die vlae en baniere en Fifa-borde verwyder word

Dit is ‘n boek wat toegemaak word

Alles is verby

Alles is skielik so leeg – dit voel so onwerklik

Skielik lees ons weer van Xenofobia in ons plaaslike koerante en die vrees dat misdaad weer in Johannesburg en Pretoria drasties mag begin toeneem

Skielik is hier weer hope en hope mense wat tydelike werk rondom die sokker gehad het, weer sonder heenkome

Die vraag kom onwillekeurig by talle mens op: wat nou verder van Maandag af?

Waarheen van hier af? By baie is daar iets van ‘n verdwaasdheid / ‘n leegheid

Miskien ervaar jy dit op persoonlike vlak in jou lewe. Dalk het jy ‘n geliefde verloor of is ‘n verhouding beëindig of dalk het jy selfs jou werk verloor.

Tussen al die vrae wat jy dalk mag vra en mee mag worstel kom jy dalk tot die besef dat jy ‘n hunkering het na iets wat daar nie meer is nie – jy ervaar ‘n leegheid in jou lewe.

Die volk van ons Here het in die tyd toe Esegiël hierdie visioen gesien het, hulleself in ‘n soortgelyke situasie bevind.

Die een oomblik was hulle nog onafhanklik en vry – die volgende oomblik is hulle slawe in ballingskap

In ‘n oogwink het hulle lewe drasties radikaal verander. Hulle is beroof van hulle vryheid, hulle besittings, menswaardigheid en hulle vaderland

Vir jare en jare het hulle rustig in hulle eie land gewoon en gewerk – skielik is alles so anders

Alles voel so ongelooflik onwerklik...

Die volk van ons Here het alles maar alles verloor, in ‘n oogwink

Maar, ergste van alles...dit het vir hulle bo alles gevoel asof hulle die Here hulle God verloor het – asof Hy hulle verlaat het.

Dit was vir hulle soos ‘n boek wat toegemaak is

Alles is verby – alles voel so onwerklik – amper iets van ‘n totale ongeloof / ‘n verdwaasdheid.

Alles is skielik so leeg

Die vraag waarmee hulle geworstel het, was: wat nou verder?

Waarheen van hier af?

Dit was in hierdie omstandighede, terwyl hulle geworstel het met ‘n gevoel van menslike leegheid, dat ons Here weer na vyf jaar met sy volk gepraat het.

[:4,28]

Dit was asof Hy vir hulle kom sê: kyk, **Ek** kom vul daardie ongelooflike leegheid in julle lewens.

Julle worstel met die vraag: wat nou / hoe gaan ons more en ons oormore nou lyk? Kom kyk wie **Ek** is wat **saam met julle** die onbekende van more en oormore ingaan.

Dit is asof die Here vir die mens (vir my en jou) ook kom sê: moenie bang en bekommerd wees oor die onsekerheid van more en oormore nie. Nee, kom ervaar My magtige heerlikheid. Laat My magtige heerlikheid jou lewe, wat dalk leeg en ontwortel voel, vul.

Geliefdes, dit is die kern van hierdie visioen, want die somtotaal van hierdie visioen gaan om die magtige heerlikheid van die Here ons God!

[Ter wille van ons kinders: Heerlikheid is ‘n beskrywing van iets wat eintlik onbeskryflik groots en verhewe is. Dit is om iets te probeer beskryf wat in werklikheid nie beskryf kan word nie]

Hierdie visioen wat die profeet Esegiël van die Here ontvang, bestaan uit drie dele:

- :5-14 beskryf vier **lewende wesens**
    - Dit leer ons dat God die God van die ganse skepping is – Hy is die wêreld Skepper en Onderhouer
- :15-21 beskryf vier **wiele**
    - Dit leer ons dat God die God van die wêreld geskiedenis is – Hy is die wêreld Bestuurder
- :22-28 beskryf die **troon** van en ook iets van **die Here God self**
    - Dit leer ons dat Hy die God van oordeel en genade is – Hy is die wêreld Regter

Aanvanklik sien Esegiël iets natuurliks, ‘n storm uit die noorde, maar dadelik besef hy dat hierdie nie ‘n gewone storm is nie

[:4b, 28b]

Uit hierdie aankomende storm onderskei hy vier figure van lewende wesens wat soos vlamme en weerlig heen en weer blits (:5, 14).

Daarna volg daar ‘n beskrywing van die lewende wesens. Dit was veral die viertal wat Esegiël opgeval het – vier wesens, elk met vir koppe, vier vlerke en vier hande! Hierdie viertal verteenwoordig “al wat kruip en roer en sweef, al wat asem het en leef...”

- Vier koppe: dit verteenwoordig alles wat leef. Die mens is die kroon van God se skepping. Die leeu verteenwoordig alle wilde diere, die bul alle mak diere en die arend alle voëls
- Vier vlerke: met twee vlerke dra hulle ‘n platvorm waarop die troon van ons Here is en met die ander twee bedek hulle hul liggame uit eerbied vir ons Here
- Vier hande: dit verteenwoordig die mens se werk hier op aarde. God regeer oor alles wat Hy geskape het maar Hy wil in sy regering deur sy skepsels gedien en bedien word. Die Here roep ons dus om voluit te werk – om ons geheel en al in sy diens te stel. Dit gee aan ons gewone werk geweldig diep geestelike betekenis, want ons moet deur ons gewone werk as’t ware God se troon dra – ons moet Hom deur ons werk verheerlik!

Uit die beskrywing van hierdie vier lewende wesens wat soos vuur en weerlig rondblits in ‘n wolk, merk Esegiël twee maal op:

[:9b, 12]!

Ten spyte van woelinge, is daar doelgerigtheid, want die Gees (ons Here self) regeer oor alles wat Hy geskape het.

Ten spyte van woelinge in jou eie lewe – God is doelgerig op pad met jou

Hy wat jou gemaak het, Hy regeer, Hy bestuur, Hy onderhou, Hy versorg, Hy vul jou lewe.

Het ons Here Jesus dan nie self ook gevra hoekom jy dan so besorgd is oor die lewe nie, en waarom kwel jy jou so oor more nie, oor wat jy gaan eet en oor wat jy gaan drink nie?

Het Hy nie self ook gesê dat dit van oneindig groter waarde is om eers die koninkryk van God (God self) op te soek as om jou lewe te probeer vol maak met allerhande ander dinge in hierdie lewe nie (Matt 6:25-34)?

Hou daaraan vas: God is saam met jou op pad en ook doelgerig met jou op pad in hierdie lewe.

Esegiël se visioen gaan voort.

Onder die vier lewende wesens sien hy draaiende tollende wiele! Maar as hy mooi kyk, dan sien hy dat dit in werklikheid ‘n wiel binne ‘n wiel is. Hy sien ook hierdie wiele boontoe en dan ondertoe en die vooruit en dan weer agteruit teen die spoed van weerlig rondblits. Alles is chaoties en verwarrend.

Dan besef Esegiël dat hierdie tollende wiele die wenteling van historiese gebeure voorstel. Dit is die altyd voortbewegende wielwerk van die wêreld geskiedenis.

Daar is in die wêreldgebeure geen oomblik van rus en vrede nie. Alles wissel en verander en haas na die einde.

Ons is midde in hierdie wisseling van gebeure. Ons leef in ‘n chaotiese tyd vol verwarring. Een koerant is genoeg om mens dit te laat besef.

Maar ook in ons eie persoonlike lewens is ons dikwels soos ‘n botsende wiel binne in ‘n ander tollende wiel. Daar gebeur dinge met ons wat ons nie kan verstaan nie en wat ons selfs nie eers ons vyand sou toe wens nie. Ons het nie antwoorde daarop nie. Ons worstel en stoei...

Midde in die chaos van tollende botsende wiele is daar egter twee dinge wat Esegiël opval.

[:18]

Ons Here God is alwetend – Hy sien die kleinste dingetjie raak en waak getrou oor elke draai van jou lewenswiel. Hy ken jou en weet hoe jy voel wanneer jou lewenswiel soos ‘n rondomtalie begin spin!

Maar Esegiël sien behalwe vir die oë ook nog iets anders wat hom opval

[:20]

Net soos en saam met die vier lewende wesens beweeg die wiele slegs **waarheen die Here God hulle lei**! Ons Here is ten volle in beheer van en op pad met ons midde in die chaos van hierdie lewe!

Alles wat in en om en met ons gebeur, gebeur deur Sy hand

Ons verstaan nie altyd nie, maar God dank, ons hoef ook nie. Hou vas daaraan dat ons Here doelgerig op pad is met jou na die ewige heerlikheid.

Laastens sien Esegiël God se troon!

Die hemelwesens dra die troon bokant hulle. Hulle kom met ‘n geweldig spoed op Esegiël af. Hy gryp na woorde om te probeer skryf hoe dit klink. Hy sê dit klink soos die gedreun van ‘n watermassa, nee, soos die gedreun van donderweer (God se stem), nee, soos duisende der duisende prede en strydwaens wat aangestorm kom. Alles is oorweldigend en vreesaanjaend (:24).

Maar dan kom hierdie lewende wesens op wiele met God se troon daarop tot stilstand en Esegiël sien vir die eerste keer die troon van ons Here van nader.

Die troon staan op ‘n gewelf. As mens jouself dit sou kon voorstel dan is dit soos op ‘n geweldige groot deursigtige glasblad.

Die simboliek daarvan is dat ons Here verhewe is bo alles wat Hy geskape het maar dat Hy vir geen oomblik onbetrokke is by wat Hy gemaak het nie. Daarom is die gewelf deursigtig.

Op die gewelf is God se troon. Al wat Esegiël kan sê is dat die troon hom aan saffier herinner wat hemel blou is.

Op die troon sien hy iets soos die gestalte van ‘n mens, maar verder is dit net vuur!

Tog is daar ‘n skeiding by wat hy meen die heupe moet wees

- Bo is dit soos witwarm gloeiende metaal – iets soos gloeiende silwer
- Onder soos ‘n ongetemde rooiwarm vuur

Dit is die twee kante van ‘n eenheid – God se liefde en oordeel. Ons bely immers dat ons Here nie net ‘n God van liefde is nie, maar dat Hy ook volkome regverdig is deurdat Hy die sonde nie ongestraf laat bly nie. Hy gaan immers met die wederkoms kom om

die wat dan nog lewe asook die wat reeds gesterf het, regverdig te kom oordeel. Weë hom wat in die hande van die lewende God val (Hebr 10:26-31)!

Laastens sien Esegiël ‘n reënboog – teken van God se beloftes wat waar en seker is. Vir my, sondaar, is daar die sekerheid van die belofte van verlossing in Jesus Christus. Ons leef ook in die sekerheid van die belofte van ons Here dat, Hy wat ons verlos het, ons nooit ooit alleen los nie – Hy is Immanuel en het sy Gees oor ons uitgestort om ewig met ons te wees.

Wanneer jy deur die druk van die lewe weer in jouself leeg voel, gryp vas aan God se ewige belofte: kyk, **Ek** het gekom om daardie ongelooflike leegheid in jou lewe met die inwoning van die Heilige Gees in jou te kom vul.

Jy wat worstel met die vraag: wat nou / hoe gaan my more en my oormore nou lyk? Neem ons Here op sy Woord: kom kyk wie **Ek** is wat **saam met jou** die onbekende van more en oormore ingaan. Moenie bang en bekommerd wees oor die onsekerheid van more en oormore nie. Nee, kom ervaar My magtige heerlikheid. Laat My magtige heerlikheid die leegheid van jou lewe vul.

AMEN